

Dekker
Prokureurs - Attorneys
Boedelberedderaars / Estate Administrators

Kleine Libertas 1
Kerkstraat 33 Church Street
MOSELBAAI / BAY
6500

Posbus / P O Box 2990
MOSELBAAI / BAY
6500

Tel: 044 – 690 5653
Faks / Fax: 044 – 690 5675
E-Pos / Email: imke@idprok.co.za

Dokumente wat benodig word wanneer 'n boedel gerapporteer word

1. Die oorspronklike testament en sterftesertifikaat.
2. Die ID-dokument van die oorledene, afskrif van die ID-dokument van die langsliewende gade.
3. Huweliksertifikaat/huweliksvoorwaardekontrak indien huwelik buite gemeenskap van goed was. Indien 'n vooroorlede gade, die volle name en datum van afsterwe. In geval van egskediding, die egskedidingsbevel en skikkingsooreenkoms.
4. Inkomstebelasting- en BTW verwysingsnommers. Besonderhede van boekhouer/ouditeur.
5. Indien die persoon vaste eiendom gehad het, die transportakte. Indien daar 'n verband oor die eiendom geregistreer was, die verband rekeningnommer. Waardasies vir kapitaalwinstbelasting soos op 1 Oktober 2001.
6. Indien die persoon voertuie gehad het, die registrasiesertifikate.
7. Indien die persoon vuurwapens gehad het, die vuurwapen-lisensies.
8. Indien die persoon aandele gehad het, die aandeelsertifikate of staat van die aandelemakelaar wat die portefeulje bestuur.
9. Volle besonderhede van alle ander roerende bates soos meubels en huishoudelike toebehore, lewende hawe, skilderye, juwele, ens.
10. Besonderhede van korttermynversekering en polisskedule.

11. Indien die persoon polisse of uittredingsannuïteite gehad het, die kontrakte. Die Eksekuteur sal die polisse eis en vasstel watter aan die boedel betaal moet word en watter buite die boedel aan begunstigdes betaalbaar is.
 12. Indien die persoon effektetrusts of enige ander beleggings gehad het, die beleggingssertifikate of ander bewys van belegging.
 13. Indien die persoon 'n tjekrekening, debiet- of kredietkaart gehad het, die ongebruikte tjeks en die oorspronklike kaarte.
 14. Besonderhede van alle skulde en rekenings van die oorledene bv. verbande, oortrokke rekenings, afbetalingsverkoopoooreenkomste, doktersrekenings, apteekrekenings en winkelrekenings.
 15. Mediese fonds- en pensioenbesonderhede indien die Eksekuteur behulpsaam moet wees met die eis daarvan.
 16. Telefoon-, water- en elektrisiteitsrekening, Multi Choice- en televisielisensierekening indien die Eksekuteur behulpsaam moet wees om dit oor te dra.
 17. Wie die begrafnis van die oorledene hanteer en reëlings ten opsigte van die betaling van die rekening vir die begrafniskoste. Kontakbesonderhede van die huisdokter.
 18. Kontakbesonderhede en afskrif van die ID-dokumente van al die erfgename, asook hulle huwelikstatus.
 19. Die Eksekuteur sal die rapportering dokumente voltooi en u in kennis stel of enige verdere inligting of dokumentasie benodig word.
-